



WESKUS TAK
WESKUS BRANCH
MALGAS NUUS/NEWS
 NO 14

9 AUGUST 2017

After a two month break during the southern winter season it was great to come together again at the Langebaan Yacht Club for the monthly meeting. The 57 people present were all in good health and spirit. Chair Lady Reneé welcomed all, especially two new members Tony and Lorraine Morkel. Peet Badenhorst proposed a toast to all the ladies on this National Women's Day.

The business of the branch was dealt with by Reneé and Kevin. Johan and Hester Ferreira were thanked for their donation of rooibos tea which brought in R6,720 to the branch coffers. This money is used to subsidize function costs for branch members.

Die ete vir die aand is voorberei deur Mossie en Doreth asook Reneé. Doreth se berugte vissop was soos gewoonlik vingerlek lekker met die gebruiklike versteekte "oog" iewers wat 'n prys vir Hester Ferreira gebring het. Die res van die maaltyd was besonder smaaklik en almal was eens dat hierdie laaste ete van Mossie en Doreth net so lekker was soos al die ander die afgelope sewe jaar. Dankie julle twee, julle mag maar! Dankie Reneé vir jou aandeel in die ete.



Dicky Schoeman trying the soup.

After dinner we were led by Rob through a few rounds of Bingo. A lot of excitement for all and nice prizes to the winners of each round. Thank you Rob for presenting the Bingo. Hester Ferreira then presented all the ladies with a bunch of fynbos flowers from their farm in the Clanwilliam area. Thanks Hester, much appreciated.



Chippy Strydom diep ingedagte oor 'n koppie sop.



Mossie en Doreth, bobaas kosmakers!!



Rob Sproul and Kevin Kilfoil running the bingo.

Raffle winner: Helene Viljoen.

6 SEPTEMBER 2017

A good turnout of 48 members and 10 guests attended the meeting at the Langebaan Yacht Club. With an exciting cowboy evening lying ahead, the formalities were dealt with rapidly. The vice-chairman, Schalk van Heerden, had to resign due to other commitments, but would again consider his availability at a later stage. Rob Sproul would stand in for the interim. Okkie Engelbrecht had suffered a light stroke and was taken up in 2 Mil Hospital. Our prayers and good wishes go out to Okkie, Rina and the family for a speedy recovery.



Cowgirls Anneri van Eeden, Wilma Haley and Hennah Greeff

André en Linda Burger het weer vir ons ribbetjies gebraai en saam met ander bykosse gesorg vir 'n lip-lekker aandete. Dankie julle, jul weet beslis hoe om dit te doen vir 'n groot groep mense.



Die bykosse

A group of expert line dancers gave a demonstration of how it should be done and thereafter did their utmost best to teach some of our members. Some were more successful than others, but the effort were enjoyed by all. Thanks ladies for a great job.



André Burger braai die ribbetjies



The Line Dance teachers



Linda en haar dogter Michelle gereed om op te skep.



Led by Reneé our ladies join the teachers.



Lootjie wwner: Doreth Greenberg



OSHKOSH 2017

Johan en Hester Ferreira en hul seuns het gedurende Julie 2017 die wêreldbekende Oshkosh Lugskou in Amerika bygewoon. Johan deel hier hul ervaringe met ons.

Die woord Oshkosh het vir baie jare nie veel vir my beteken nie tot ek die eerste keer in 2008 daar uitgekome het. Soos 'n Mohamodaan een keer in sy lewe Mekka toe moet gaan, so moet elke vliegtoesias ook een maal by Oshkosh uitkom om die grootheid van lugvaart in Amerika self te aanskou.

Ek en Hester het vanjaar ons seuns, Charles (31) en Boeta (27), saamgeneem om hulle die blootstelling te gee aan dié lekkerte. Met die opdrag om lig te pak het ons gestewel en gespoor Dinsdag 18 Julie by die Kaapse Lughawe opgedaag. Ons het laataand via Amsterdam na Washington gevlieg en na sowat 20 uur se vlieg in Washington geland, moeg gesit maar erg opgewonde.

Die volgende oggend het ons dou-voor-dag (getrou aan my obsessie om nooit laat te wees nie) so 'n uur voor oopmaaktyd by die Smithsonian "National Air and Space Museum" opgedaag. Teen

die tyd dat die deure om 10h00 geopen het, het ons al behoorlik gesweet in die "Durbanhitte." Ons is met tipiese Amerikaanse vriendelikheid verwelkom en die effektiewe sekuriteitspersoneel het vinnig ons rugsakke deursoek. Daartna kon ons die res van die dag in 'n heerlik verkoelde omgewing ons verkyk aan al wat 'n vliegtuig is waaraan mens kon dink. Noem dit maar, van die B-29 "Enola Gay" (wat die eerste atoombom afgegooi het), SR 71 (Blackbird), Concorde, Bucker Bu-133C Jungmeister tot die Space Shuttle Discovery en alles tussenin – té veel om op te noem. Dit alles onder een dak, wat seker so groot soos 4 of 5 rugbyvelde is, en om alles te kroon GRATIS en VERNIET.



Die seuns by die Shuttle Discovery



SR 71

Die volgende dag het ons al die belangrike landmerke besoek wat gesien moet word in Washington met hulle oopdak busdiens en daarna het ons die "Air & Space Museum" besoek wat ook nie gemis mag word nie.



nagedagtenis aan die Doolittle aanval op Japan, F 15's , P51 Mustang's, Northrop B2 ("Stealth Bomwerper") F22 en die Blue Angels (kunsvliegspan van die die Amerikaanse Vloot) en nog vele meer. Daar was in total 2991 vliegtuie wat of gevlieg het of staties vertoon was. Daar was ook twee aand vliegvertonings op die Woensdag en Saterdagdaande – voorwaar iets wat 'n man sprakeloos laat en deur die seuns beaam is en wat mens altyd sal bybly. Die "wall of fire" en vuurwerkvertoning is so groot soos net die Amerikaners dit kan doen.

Saterdag het ons van Washington na Chicago gevlieg waar ons 'n motor gehuur het en die vier uur rit na Oshkosh noord van Chicago aangepak het. In Oshkosh het ons 'n huis gehuur wat ons met 'n vriend gedeel het. Sondag 23 Julie het ons Oshkosh besoek in alle erns begin met die dophou van die landings van sommige van die meer as 10 000 – ja, tienduisend vliegtuie, wat invlieg na dié jaarlikse lugskou. Die ervaringsvlakke van die manne en vroue wat invlieg verskil hemelsbreed en soms sorg die naderings en landings vir groot opwinding vir die skare wat die vliegtuie dophou – om nie eers te praat van die skerp opmerkings van die lugverkeerbeheerders nie. Van die Maandag het ons meer gefokus op die statiese uitstallings en die aankoop van vliegtuig onderdele om saam terug te bring SA toe – my opdrag van lig pak kom nou baie handig in, meer as 50% besparing in koste. Elke middag teen 15h00 begin die dag se vliegvertonings en ons het vir ons 'n gemaklike plekkie op die grasperke gekry om die vertonings gade te slaan. Hier kon 'n man jou vergaap aan die vaardighede van die vertoonvlieëniers in vliegtuie wat wissel van Piper Super Cub tot B1 bomwerper, Lockheed Martin F35A, A10 Warthog, B 25 Mitchell's ter



Die dae moes mooi beplan word sodat ons 'n paar lesings en werksinkels kon bywoon. (daar was altesaam 1050 lesings en werksinkels gedurende die week aan-gebied) Van vliegvaardighede en enjinhanting tot sweisvaardigheid is ingesluit. Dan moes ons ook wikkell om die meeste van die 881 uitstallers te besoek. Om nie te praat van al die gratis aandenkings wat mens by die uitstallers kry gedurende jou aankope of invul van kompetisie en algemene vraelyste..

Natuurlik moes die "Seaplane Base" langs die naby-geleë meer asook die museum by die vliegveld, wat op al die aspekte van lugvaart konsentreer, ook besoek word. Daar was ook 'n uitstalling / werksinkel vir jong kinders om hulle bekend te stel aan die geskiedenis van lugvaart en hul op so 'n lekker interessante manier te prikkel

vir die liefde vir vlieg. Die ouderdomsgroep wat geteiken word is vanaf 2-jariges wat met vliegtuig trapkarre rondry tot 13 jariges, maar ek en die seuns was eens dat mens nooit te oud is om te leer nie.

Die vervoer na die meer en vele ander nabygeleë besienswaardighede word deur 'n baie effektiewe busdiens behartig, die alombekende geel skoolbusse – soms verniet en soms teen 'n baie billike tarief. Wat my altyd verstom is hoe geolie die ratte is om die meer as 590,000 mense wat die week se verrigtinge bywoon te hanteer. Almal werk saam om die beweging van mense en voertuie seepglad te laat vloei. Opmerklik is dat almal wat behulpsaam is met die take vrywilligers is, selfs veterane so oud soos 80 doen hulle deel met trots. Voorwaar baie sielskos wat ons kan herkou tot ons volgende besoek.



Johan en Hester se kleinseun, HJ, word van kleins af bekendgestel aan vlieg.


4 OCTOBER 2017

48 Members turned up for the annual "Beetle Drive" evening at the Langebaan Yacht Club. All was well in the branch and we were especially pleased about the good recovery of Okkie Engelbrecht. He still had difficulty with walking, but there was a vast improvement from where he was. All the best Okkie!!



A good turn out

Not only did Rob take up the mantle of Beetle Master, but he and Lesley prepared the Hamburgers for the meal of the evening. Multi-tasking par excellence.



Game on, . . . Beetle Drive

Daar is eers 'n paar rondtes "Beetle Drive" gespeel. Die stemtoon in die vertrek was tekenend van die opgewondenheid wat geheers het. Menige wat so naby aan die finale gooi van die dobbelstene gekom het, net om iewers uit die vertrek die uitbundige skree van "BEEETLE" te hoor. Spanne is geruil en is daar weer entoesiasies meegeeding om die verskillende vorme van die "Beetle" te voltooi voor iemand anders dit regkry. Mens was skoon uitasem toe Rob na 'n aantal rondtes aankondig dat daar eers ge-eet gaan word voor die volgende rondte begin.

You get hamburgers and HAMBURGERS. The Sproul's burgers fall into the latter category. What a great meal. Thanks Lesley and Rob, most enjoyable!!



Trevor White and Wendy Browning admiring their food

Then more throwing of the dice to complete the "Beetles." Great to be a kid again and forget all the worries and pain life sometimes bring. Thanks Rob for taking our minds off the everyday issues.



Overall winners Arina van Eeden and Bart Hauptfleisch

Raffle winner: Les Liebenberg

4 NOVEMBER 2017

'n Klein groepie van 25 lede het by Dwarskersbos se karavaanpark opgedaag vir die jaarlikse stap tussen Laaipelek en Dwarskersbos. Slegs 'n paar het die uitdaging van die hele 12 km al langs die strand aangedurf terwyl ander korter afstande gestap het. Nogtans, vir alle stappers was die lekker verfrissende vars lug en die genot om langs die see te stap 'n besondere voorreg wat ons met dankbaarheid aan die Weskus kan geniet.



Schalk and Saretha van Heerden voltooi 12 km.

Daar was ook manne en vroue, onder die toesig van Gibbs Gerber, wat roosterkoeke gebraai en met botter en konfyt daarop, uitgedeel het. Dit is darem maar lekker!!



Roosterkoeke word gebraai




. . . . and a lot was eaten.



And the braai . . .

Even though all had a fair share of "roosterkoeke" there was space for whatever people brought to "braai." A great get-together out in the open with a few drinks and whatever was for lunch. Still one of the best meetings of the Branch. Thanks Lappies for your arrangements. Our thanks and appreciation also to Fanie Wagener for arranging the bus and to the medical staff of AFB Langebaanweg for being present along the route.

'n Baie lekker dag!!!



Dames uitgevat!!

15 NOVEMBER 2017

Our annual banquet at the Riviera Hotel in Velddrif was attended by 40 members and guests. A fitting end to a year where after we are thankful for our blessings. Those who had medical setbacks had all recovered almost completely and in general all is well in the Branch. Our thanks and appreciation to the management for your time and effort.



Chairlady Reneé Smith meeting the guests at the entrance, barefoot and all.



Die bestuur en ander personeel van die hotel het toegesien dat die daar deur die bywoners "uitgehang" kon word. Die saggang ete was uitstekend voorberei en is deur goed opgeleide kelners bedien. Die wyne van die Weskus omgewing het bygedra dat 'n lekker gemoedlike atmosfeer geheers het. Voorwaar 'n spesiale geleentheid om die jaar mee af te sluit.

Thanks to all the organisers of the banquet.



Tables beautifully set

